**Dinsdag 26 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 90; HK Sondag 4, Vraag 10**
**Fokusgedeelte: Psalm 90:7**

## God se toorn oor die sonde

As Moses in Psalm 90 sê: *"Ons vergaan onder u toorn"*, praat hy uit ondervinding. Gedurende Israel se woestynreis het hy gesien hoedat 'n hele geslag vergaan het onder God se toorn as gevolg van hulle ongehoorsaamheid en ongeloof.

Die toorn of woede van 'n mens is aan ons goed bekend. Dit gaan gewoonlik met 'n hewige emosionele gemoedsopwelling gepaard en kom dikwels in heftige woorde en selfs pynigende dade tot openbaring.

As daar in die Skrif oor God se toorn gepraat word, word dieselfde woorde gebruik as vir die toorn van 'n mens. Dit is te verstane, want God kan nie met ons op 'n ander wyse praat as in die woorde van 'n mens nie. Tog is daar 'n duidelike verskil tussen die toorn van God en die toorn van mense. Die toorn van mense is gevul met sonde en meesal baie selfsugtig. Daarteenoor is God se toorn heilig en sonder smet.

Daar is volgens die Skrif geen teenstelling tussen die liefde van God en die toorn van God nie; inteendeel, dit staan in die nouste verband met mekaar. Die toorn van God kan dan ook as die vuur van sy gekrenkte en beledigde liefde aangedui word. God se toorn word deur die sonde gemotiveer. God se toorn is die onvermydelike reaksie van elke poging tot ontwrigting van sy liefde, veral as dit in menslike trots en arrogansie gedoen word. Daarom sê God Self ook dat Hy jaloers is (Eks. 20:5) en selfs dat sy Naam Jaloers is (Eks. 34:14; 1953-vertaling). In Nahum 1:2 (1953-vertaling) word gesê: "'n Jaloerse God en 'n wreker is die Here, 'n wreker is die Here en vol grimmigheid; 'n wreker is die Here vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn oor sy vyande."

Die toorn van God is 'n openbaring van die wese van God (Rom. 2:8). Tog word meesal van God se toorn gepraat as dit op sy straf vir die sonde betrekking het (Eks. 32:10). Daarom is die toorn van God iets wat die mens moet vrees (Ps. 6:2). Dit blyk uit die volgende uitsprake: "Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val" (Heb. 10:31). "Want ons God is 'n verterende vuur" (Heb. 12:29).

Ons kan slegs van die toorn van God bevry word as ons in die Seun glo en Hom gehoorsaam (Joh. 3:36).